

13 Julie

Openbaring 22:6-21

(Teks: 22:17a)

Kom, Here Jesus

Kom, Here Jesus - 'n kort, maar swaar gelaaide gebed wat deur drie groepe persone gebid word:

Die Heilige Gees verlang na die wederkoms van die Here Jesus want dan is sy werk ook volbring; dan is elke gelowige ingebring; dan is elke kind van God volkome heilig; dan is die kerk toeberei soos 'n bruid; dan is die mag van die Satan vernietig en sal die gelowiges nie meer die Heilige Gees bedroef nie.

Die kerk verlang na die wederkoms van Christus soos 'n bruid na haar bruidegom. In hierdie bedeling is alles nog so onvolkome. Daar is nog so baie sonde en ontrou in die kerk, nog so baie lyding en verdrukking, nog so baie stryd en vervolging, nog so baie kilheid en dorheid en koudheid, nog so baie skynheiligheid en wêreldgelykvormigheid. As die Here Jesus kom, word al hierdie dinge uit die weggeruim en is die kerk 'n lieflike bruid sonder vlek en rimpel.

Die gelowige verlang na die wederkoms van Christus want dan sal hy of sy God sien in klare aanskouing. Die gelowige sal God se genade persoonlik ondervind, God sal die trane van sy of haar oë afvee, die moeite en verdriet in sy of haar lewe wegneem en hom of haar laat triomfeer oor die sonde en die dood. Sonder ophou sal die gelowige God altyd loof en prys.

Bid ons saam met die Gees en die bruid: Kom, Here Jesus! Is ons lewens so dat ons Hom enige oomblik kan ontmoet?

Sing Skrifberyming 43:5

Ds. J.J. de Klerk (Boksburg-Suid)